



# VOORBEELD


# Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 \* Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074


E-Pos adres: conquest@iafrica.com \* Webtuiste: [www.conquestaolympiads.com](http://www.conquestaolympiads.com)



## Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



### Voordele van lees.



Natuurlik moet jy kan lees! Jy moet kan lees om te kan leer en om die oneindigende wêreld van kennis en stories te betree. Daar is baie voordele daaraan verbonde om te kan lees:

- verbeterde konsentrasie,
- groter persepsies,
- analitiese voordele,
- die spoed waarmee jy inligting prosesseer verbeter,
- fonemiese bewustheid,
- jou geheue vergroot,
- 'n vergrote vermoë om inligting te dekodeer en te integreer.

So sal jy uiteindelik jou selfbeeld en selfvertroue verbeter en kan lees van alles van rugby tot skoolwerk.

Lees oor die voordele van lees en beantwoord dan vrae 1 – 13.

1. Die antoniem vir 'voordele', is .....  
 (a) agterdele. (b) inligting.  
 (c) nuanses. (d) nadele.
2. 'n Sinoniem vir kennis in die frase: 'oneindigende wêreld van kennis en stories te betree', is .....  
 (a) antwoorde. (b) verhale.  
 (c) inligting. (d) onbegrip.
3. Kies die sin wat die homoniem van kennis in 'wêreld van kennis en stories te betree', is .....  
 (a) Die boelie slaan hom op sy ken.  
 (b) Hy is 'n ou kennis van my ma.  
 (c) Ek doen baie kennis in die skool op.  
 (d) Die plastiese snykundige verander kenne.
4. Die antoniem vir 'verbeterde' konsentrasie, is .....  
 (a) beste. (b) nuwer.  
 (c) verswakte. (d) slegste.
5. Sy persepsie is breed. Gee die trappe van vergelyking (vergotende trap) van 'breed' in: 'n ..... persepsie as Jannie s'n.  
 (a) breedste (b) breer  
 (c) breër (d) breër
6. Kies die korrekte voorsetsel in die sin:  
Jy het 'n groter bewustheid ..... wat in die wêreld aangaan.  
 (a) van (b) oor (c) in (d) teen
7. Kies die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord in: 'Jy sal 'n (vergroot) geheue ontwikkel.'  
 (a) groter (b) vergrootte (c) grootste (d) vergrote
8. Kies die woord met die korrekte agtervoegsel om te sê dat jy 'sonder 'n geheue' is.  
 (a) non-geheue (b) geheueloos (c) geheues (d) geheuevas
9. Kies die korrekte meervoud van 'vermoë'.  
 (a) vermoëë (b) vermoës (c) vermoë's (d) vermoëns
10. As jy iets dekodeer, beteken dit jy ..... iets.  
 (a) ontsyfer (b) memoriseer (c) stoor (d) deel
11. Kies die voorbeeld van 'n direkte leenwoord.  
 (a) selfvertroue (b) geheue (c) rugby (d) inligting

